

**TWAALFDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD**

**LEESROOSTERTEKSE VIR DIE WEEK:**

**MATTEUS 16:21-28**

**EKSODUS 3:1-15**

**PSALM 105:1-6, 23-26, 45**

**ROMEINE 12:9-21**

**GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**

**Ons komende Kerkraadsvergadering**

**Ons doen ook voorbidding vir lidmate wat as gevolg van COVID-19 finansiëel en emosioneel baie swaar kry.**

**VAN ALLES EN NOG WAT**

1. In lyn met die regering se besluit is alle eredienste en byeenkomste opgeskort tot verdere kennisgewing.
2. Video's van al die preke sedert inperking, is op die webwerf [www.ngkeike.co.za](http://www.ngkeike.co.za) beskikbaar. Gaan lees dit gerus of kyk daarna.
3. Ons benodig enige grootte glasflessie of potjie om produkte in te lê. Dit kan Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgegee word.
4. Indien jy enige wol het wat jy kan skenk vir die brei van mussies, truitjies, serpies, ens, kan jy dit op Dinsdae oggende by die Drop & Go of by die kerkkantoor gedurende die week afgee.
5. Daar vind 'n Kerkraadsvergadering plaas op 26 Augustus 2020 om 18:30 in die kerk.

**BYBELS**

Tydens Pinkster is die bedrag van R15 545 ontvang. Ons sê weereens baie dankie aan almal wat bygedra het. Soos in die verlede is donasies gemaak aan Die Bybelgenootskap van Suid Afrika en die Gideons. Ons het ook weer Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop om in die gemeenskap te verspei. As jy weet van 'n huishulp, tuinier, karwag, petroljoggie, ens wat graag 'n Bybels sal wil ontvang, kom haal gerus een by die kerkkantoor. Maksimum 2 Bybels per lidmaat.

## LEAARS – PASTORALE BESOEKE

Beskikbaarheid van die dominees: ons leraars was die hele Grendeltyd telefonies beskikbaar, maar gaan nou ook op afspraak (weereens met al die nodige protokol in plek) beskikbaar wees by 'n gesteriliseerde vertrek in die kerkkompleks. Skakel maar jou dominee as jy hom wil sien, hy sal met die kantoor 'n tyd reël en dan kan julle mekaar daar ontmoet. Ja, ons weet dis effe onpersoonlik, maar dis die beste wat ons nou kan doen!

Kontak die leraars by die volgende nommers:

- Ds Hannes Burger – 021 903 1798
- Ds Chris Barnardo – 021 982 7076
- Ds Johan Morkel – 083 398 8345

## KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is oop vir lidmate om te besoek. Die kantoorure is Maandag tot Vrydag 8:00 tot 12:00. Die nodige protokolle sal gevolg word (maskers, handreiniging, ens.) en slegs 2 besoekers sal per geleentheid in die kantoor toegelaat word.

## UIT DIE BEEK

Ons het die Uit Die Beek vir 2021 ontvang. Die persone wat bestel het kan dit by die kantoor afhaal en die koste is R180.

## GEMEENTENUUS

1. Christie van Niekerk (Van Aardestraat) seun van Chris en Riana, is verloof aan Anesca Muller. Baie geluk aan julle twee!
2. André Botes (Bellville) is ernstig siek.
3. André en Herriot van Greunen (Othello) verhuis in die komende week na Riversdal. Ons sê vir hulle baie dankie vir die tyd wat hulle lidmate van De Eike was. De Eike se verlies is Riversdal se wins! Alle seën word julle toegebied.
4. Calie van der Wath (Othello) was die afgelope week in die hospitaal vir mediese toetse. Hy is tans tuis en dit gaan beter met hom.
5. Bossie Boshoff en Annelien Immelman tree Saterdag 29 Augustus in die huwelik. Beide is inwoners van Othello. Baie geluk aan julle twee.

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 23/08 Annika le Grange, Ray Pitt-Bower, Eljalie du Plessis  
24/08 Sally Nieuwoudt, Stefan Botma  
25/08 Hanelize Basson, Leandri Volschenk, Jantjie Muller, Leon Ehlers, Jakes Kearney  
26/08 Jan Geldenhuys, Danie Bruwer  
27/08 **Tim Burrows**  
28/08 Nelleen Lodewyks, Bjorn Moggee, Estelle Conradie, Sidney de Kock, Elmien Boyes, Rynhardt de Jongh, Cornelius Truter  
29/08 Tia Welman, Stiaan van Zyl, Petro Combrinck, Vasti Muller, Elsabé Oosthuizen

## AKSIE SAMARITAAN EN SOPKOMBUIS

Aksie Samaritaan en die Sopkombuis benodig die volgende:

- Weggooibare bakkies met deksels (verkieslik 500ml Joghurt) om sop in te bedien.
- Hulle benodig bakkers en strooiers om op 'n Vrydagoggend vanaf 07:30 tot 12:00 te help pannekoekbak en suiker strooi. Die pannekoek word in Moedergemeente se saal gebak. Kontak vir Jacomina Swart by 082 453 3862.
- Aksie Samaritaan benodig dringend mense wat kan help maskers maak, die materiaal word verskaf.
- **Sopbeurte** vir 27 Augustus 2020:
  - Elba Fourie
  - Mary Abrahams
  - Louis Van Eeden
  - Paula Bester
  - Wilma Matthee
  - Elmaré Burger

**AKSIE SAMARITAAN**  
**PANNEKOEK PROJEK**

Danksy ons pannekoek deeg is minder van Kuilsrivier se honger magies leeg!

**Slegs R5**  
**Vrydae 08h00 - 12h00**  
**NGK Kuilsrivier syaal**  
**in Van Riebeeck weg**

**Indien u vooraf wil bestel, plaas u bestelling by 073 655 3816 op Donderdae voor 17h00.**

Opbrengs ten bate van Aksie Samaritaan se werk onder die haweloses van Kuilsrivier.



# DE EIKE ROADHOUSE BASAAR

2020 se ANDERSE basaar, die ROADHOUSE BASAAR, het ook gekom en gegaan.

Baie dankie aan almal wat 'n aandeel gehad het aan die sukses daarvan.

'n Besondere dankie aan elkeen van die volgende:

- Onderskeie konvenors en al hul helpers vir hul harde werk om die heerlike produkte voor te berei.
- Al die kelners, insluitend die kinders van Lili Huis (Sateliethuis van Durbanville Kinderhuis) wat die bestellings so flink afgelewer het.
- Riana Fick wat as "Mr Delivery" opgetree het.
- Al die lidmate, vriende en familie wat ons ondersteun het deur bestellings te plaas, bestanddele te skenk en finansiële bydraes te gee.

Baie dankie aan die lidmaat wie die Mobiele Kombuiseiland aan ons geskenk het en ook aan almal wat gebie het. In besonder baie dankie aan die lidmaat wat die hoogste bod in gesit het.

Volgende jaar sal ons DV weer 'n tradisionele basaar hou waar ons lekker sal kan kuier, dan gaan ons GROOT.

Groete Mariana, Elmarie en Tim

Baie dankie aan Mariana, Elmarie en Tim vir die harde werk wat ingesit is tydens die Roadhouse Basaar.

Chris, Hannes en Johan

## VROUEDANKOFFER

Die Kommissie vir Vrouelidmate samel gewoonlik 'n Vrouedankoffer in gedurende Vrouemaand.

*'n Dankbare vrou kan uitgeken word aan die volgende eienskappe:*

- *Sy is altyd dankbaar vir die oorvloedige seëninge in haar lewe.*
- *Sy bewys altyd haar waardering aan diegene wat haar help.*
- *Sy verkies om te fokus op dít wat sy het, eerder as op dít wat sy kortkom.*

*(uittreksel uit 'n artikel deur Chanèle McFarlane)*

In Augustus-maand vier ons ons vrouwees. Ons is tog dankbaar om vrouens te wees en/of om vrouens in ons lewens te hê.

Dit is ons gebruik om in Augustus 'n Vrouedankoffer op te neem. Ons kan nie hierdie jaar van Vrouedankoffer-koevertjies gebruik maak nie, maar wil steeds graag 'n Vrouedankoffer-insameling hou. Bydraes kan wel per EFT of Snapscan gemaak word - gebruik asseblief die verwysing "Vroue".

*Fil. 4:18 – "Julle gawe is voor God 'n offer met 'n lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig."*

# DE EIKE SE “DROP & GO” – PROJEK

Dinsdagoggend 25 Augustus 2020, kan jy weer tussen 10:00 en 11:00 jou bydrae tot De Eike se koskas in 'n sakkie op De Eike se parkeerterrein kom aflaai. Piet Rootman en Tim sal daar wees om die voorraad in ontvangs te neem. Lidmate is ook welkom om enige finansiële bydraes te bring, kwitansie sal uitgereik word. Gebruik die motorhek aan die torings se kant. Hierdie reëling bly van toepassing tot verdere kennisgewing.

Maak gebruik van hierdie geleentheid om broers en susters in nood te help. Ons sal die voorraad in die voorraadkamer gaan pak waarna kospakkies opgemaak en volgens behoefte afgelewer sal word.

As jy bewus word van 'n lidmaat in nood moet jy asb. onmiddellik jou wyksleraar of blokleier hieroor inlig. Ons kan nie toelaat dat enigiemand in hierdie tyd van inperking honger ly nie.

Bydraes kan deur die loop van die week ook by die kerkkantoor afgegee word.

Die volgende items word benodig:

- Konfyt of stroop
- Blikkiesgoed wat goed werk saam met pasta
- Sout en peper
- Kookolie
- Wit en bruin asyn
- Margarien
- Toiletware
  - Shampoo
  - Deodorant
  - Wet wipes
  - Sneesdoekies
- Skoonmaakmiddels
  - Waspoeier
  - Wasgoedseep

Betanddele waar ons voorraad laag is:

- Blikkies
  - Ertjies
  - Gemengde groente
  - Mielies
  - Bully Beef
  - Vis in Tamatiesous
- Blatjang
- Mayonnaise
- Tamatiesous
- Skottelgoedseep en ander reinigers

## **PREEKSKETS – 23 AUGUSTUS 2020**

### **TEMA: AS DIE HERE NIE GEHELP HET NIE**

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Psalm 124

**1. Inleiding.** Kom ons luister vanoggend na hierdie bekende woorde wat hier as opskrif gebruik word: As die Here ons nie gehelp het nie en vers 8: Ons hulp kom van die Here af. Dis die kernsin van hierdie boodskap. Dis die stukkie geestelike pitkos wat vanoggend aan jou gegee word vir die lewenspad vorentoe: As die Here ons nie gehelp het nie. Kom ons hoor drie dinge by die digter van die Psalm vanoggend.

**2. Hoe die nood van kinders van God beskryf word.** In Ps 124 word die nood waarin God se kinders soms kan kom, digterlik met drie sprekende beelde uit die natuur en dierewêre beskryf:

- die beeld van 'n mens wat voor aanstormende vloedwater staan;
- die beeld van iemand wat op die punt is om deur 'n wilde dier verskeur te word;
- en die beeld van 'n voëltjie wat in 'n wip gevang is.

Baie van julle het al op een of ander manier in jou lewe die vloedwater en die roofdier en die wip van die voëlvanger in die oë gekyk. Ook kinders van God beland in nood. Maar die Here help, nie waar nie?

**3. Hoe die Here van ons ondergang red.** Hierdie hele Psalm roep dit uit: - ons is gered uit die nood! - daar het uitkoms gekom! As die Here ons nie help nie! Net Hy – Sy Naam – staan tussen ons en ondergang. So jubel hierdie Psalm dit uit. So moet ons dit ook erken en bely.

**4. Erken en bely dit.** Die hulp van die Here, die uitkoms wat Hy gee, moet ons laat praat. Dis wat die Heilige Gees, wat 'n mens laat insien dat die Here jou Helper is, met jou doen. Hy laat jou praat. Woorde waarmee ons kan bely dat net die Here tussen ons en ondergang gestaan het, word hier in ons teksvers vir ons gegee: Ons hulp is in die Naam van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.